OosieNUUS
ONS OOSIE WÊRELD

**06/2025** **14 Februarie 2025**

## BELANGRIKE DATUMS, KONTAKBESONDERHEDE EN GRAADVOOGDE/-HOOFDE

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se webwerf**.** Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

**BELANGRIKE DATUMS**

- 15 Februarie : Valentynsbal
- 19 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.10 tot 12-leerders
- 20 Februarie : Atletiek Interhoër (Pilditch)
- 21 Februarie : Rolbal OPEDAG
- 24 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.8 en 9
- 26 Februarie : NWU Interhoër (normale skooldag)

***BELANGRIK***

- ***Met verwysing na die POPIA Wet (Beskerming van persoonlike inligting) wil ons leerders, ouers en personeel daaraan herinner dat PERSOONLIKE KONTAKNOMMERS NIE UITGEGEE MAG WORD, tensy die persoon aan wie die nommer behoort PERSOONLIK TOESTEMMING daartoe verleen het.***
- Maak asseblief gebruik van die skool se telefoonnommer, e-posadres of personeel se skool e-posadresse soos beskikbaar op die skool se webwerf.

| **KONTAKBESONDERHEDE**<br>E-posadresse vir die res van die personeel is op die skool se webwerf. | **GRAADVOOGDE**<br>Afwesighede en die **uitteken van leerders** word deur graadvoogde hanteer. Hul stuur ook belangrike kommunikasie via Whatsapp na ouers. |
|---|---|
| **Hoof:** Me Susan Theron<br>(diehoof@oos-moot.co.za)<br>**Adjunkhoof:** Me Hanlie van Staden<br>(vanstadenh@oos-moot.co.za)<br>**Adjunkhoof:** Mnr Fraser Parker<br>(f.parker@oos-moot.co.za)<br>**Dissipline:** Me Mariane Haasbroek<br>(c.haasbroek@oos-moot.co.za)<br>**Maatskaplike werker:** Me Janine Olivier<br>(j.olivier@oos-moot.co.za)<br>**Finansies en Oosie-klerewinkel:** Me Annalize Jacobs<br>(finansies@oos-moot.co.za<br>**Bemarking:** Me Chriselda Meyer<br>(bemark@oos-moot.co.za)<br>**Kultuur:** Me Lee Bouwer<br>kultuur@oos-moot.co.za<br>**Sport:** Mnr Braam Pretorius<br>(sport@oos-moot.co.za)<br>**Klerebank**: Me Karin Badenhorst<br>(klerebank@oos-moot.co.za) | **Graad 8** - Me Janine Botha<br>(j.botha@oos-moot.co.za) of 079 207 4415<br>**Graad 9** - Me N Pfeil<br>(n.pfeil@oos-moot.co.za) of 066 416 6252<br><br>**Graad 10**: Me T Ferreira (**Kw.1**)<br>(t.ferreira@oos-moot.co.za) of 064 884 6059<br><br>**Graad 10**: Me Z de Klerk (**Kw. 2,3,4**)<br>(z.deklerk@oos-moot.co.za) of 064 884 6059<br><br>**Graad 11:** Me M Gillies<br>(m.gillies@oos-moot.co.za) of 079 207 0022<br><br>Graad 12: Me S van der Merwe / Me M Grové<br>(m.grove@oos-moot.co.za) of 079 208 4632 |

Raadpleeg asseblief altyd eers die skool se nuusbrief en webwerf indien u na belangrike inligting op soek is.

## AKADEMIE

### Graad 12 Intervensie

Ons herinner graag ons **ouers wat ŉ uitnodiging** ten opsigte van bogenoemde **ontvang het** aan die vergadering wat geskeduleer is.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 18 Februarie 2025 |
| Tyd | : | 17:30 vir 18:00 |
| Plek | : | LO-saal |

Hierdie vergadering is verpligtend vir alle ouers/voogde en leerders wat 'n uitnodiging ontvang het.

### Skooldag 20 Februarie en 21 Februarie

20 Februarie

Die B-Bond atletiek interhoër is op 20 Februarie en ŉ groot aantal personeel en leerders is betrokke by dié byeenkoms. Ons wil graag die volgende onder u aandag bring:

- Daar sal **nie formele onderrig by die skool wees nie**.
- Toesig sal beskikbaar wees vir leerders.
- Leerders op toesig sal ou vraestelle uitwerk.

Sien Sport (*Atletiek)* vir inligting ten opsigte van die atlete en Oosie-golf ondersteuners vir die 20ste.

21 Februarie

**Dag 6** se rooster sal gevolg word.

### Gratis webinaar – Gee jou kind die gereedskap vir sukses

Op **20 Februarie 2025** bied Solidariteit Skolier ŉ gratis webinaar vir ouers & onderwysers aan met Hanlie Boshoff as spreker, wat haar waardevolle insigte sal deel oor hoe om jou kind met tydbestuur, die bou van selfvertroue en die hantering van groepsdruk, tiener-angs, depressie, akademiese druk, en die sosiale druk rondom identiteit en seksualiteit, te help.

Dit is absoluut GRATIS om by te woon – registreer nóú en gee jou kind die gereedskap vir sukses!

### Toetsreeks en toetsrooster

Graad 8 en 9 – addisionele toetse (nie op toetsrooster geskeduleer nie)

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 19 Februarie |
| Tyd | : | Toetsperiode |
| Vak | : | Engels (inligting oor waaroor die leerders skryf sal gekommunikeer word.) |

Die toetsrooster is beskikbaar op die webwerf.

### Ekonomie werkboek/studiegids 2025 vir graad 11-leerders

ŉ Skrywe vir die aankoop van ŉ addisionele werkboek/studiegids vir die 2025 graad 11-leerders (wat hul ook in hul graad 12-jaar sal gebruik), word aan die leerders uitgegee. Die bestelling en betaling van die werkboek moet asseblief **voof 28 Februarie** gedoen word. Die skrywe met volledige inligting is ook op die skool se webwerf beskikbaar.

### Google Classroom

Hoe om aan te teken

- Leerders teken met hul skool e-posadres aan wat saamgestel is uit hul toelatingsnommer gevolg deur @oos-moot.co.za. Geen ander e-posadres nie.
- Die toelatingsnommer is 'n 6-syfer getal en is beskikbaar op die d6 toep.
- Die onderwysers nooi (invite) die leerders met SLEGS die skool se e-posadresse uit.
- Leerders moet asseblief nie hul wagwoorde (OMleerder) verander nie.
- Elke onderwyser sal met hulle klasse kommunikeer oor wat en wanneer inligting daarop geplaas word.

Besoek die skool se webwerf vir video's en notas vir hulp om op Google Classroom aan te teken.

### Wiskunde Olimpiade Graad 8 tot 12

Ons nooi ons leerders uit om hul wiskundevaardighede te toets en deel te wees van 'n opwindende uitdaging deur in te skryf vir die Suid-Afrikaanse Wiskunde-Olimpiade. ŉ Skrywe met volledige inligting word aan die leerders uitgegee en is op die skool se webwerf beskikbaar.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 13 Maart 2025 |
| Tyd | : | Ná skool |
| Plek | : | Hoërskool Oos-Moot |



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

Die Olimpiade is nie net 'n gewone wiskundetoets nie – dit evalueer leerders se probleemoplossingsvermoë en wiskundige denke op 'n kreatiewe manier. Dit is 'n wonderlike geleentheid om hulself te toets en moontlik deur te dring na die volgende rondtes.

## FINANSIES

Skool se nuwe bankbesonderhede

**ALLE betalings moet NOU in die FNB rekening gemaak word.**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | Hoërskool Oos-Moot |
| Bank | : | First National Bank (FNB) |
| Rekeningnommer | : | 63124628041 |
| Takkode | : | 210835 |

## GRAVERING VAN WISSELTROFEES

Leerders wat wisseltrofees ontvang het, het die geleentheid om gravering deur die skool te laat doen.

Koste

R100 per trofee.

Betaling

- Betaling kan by die finansieskantoor gedoen word of per EFT met die volgende verwysing: **"Naam en Van, Prysuitdeling"**.
- Die leerder moet die kwitansie of bewys van betaling na **me N Visser** (**K96**) neem om die korrekte gravering te bevestig.
- Die afsnydatum vir betalings is **28 Februarie 2025**.

## OOSIE-KLEREWINKEL

Ouers word vriendelik herinner dat die skool se Oosie-winkel skooldrag te koop aanbied. Die winkel se nuwe bedryfsure is:

| | | |
|---|---|---|
| Dae | : | Maandae tot Vrydae |
| Tye | : | 07:00 tot 16:00 |
| Kontaknommer | : | 060 276 1396 |
| Kontakpersoon | : | Altie |

## SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van 'n sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

### Atletiek

Programme en uitslae word op die skool se webwerf geplaas sodra beskikbaar.

Die datums vir die komende byeenkomste is soos volg:

| Datum | Byeenkoms | Plek | Program |
|---|---|---|---|
| 14 Februarie | Valentynsbyeenkoms | Oos-Moot | Program |
| 20 Februarie | B-Bond Interhoër | Pilditch | |
| 26 Februarie | NWU Interhoër | Potch | |

**B-BOND INTERHOËR REËLINGS**

Ons neem vanjaar deel aan die B-Bond Interhoër.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 20 Februarie 2025 |
| Plek | : | Pilditch stadion |

Atlete

Atlete vertrek per bus vanaf die skool.

| | | |
|---|---|---|
| Vertrektyd | : | 05:30 |
| Kleredrag | : | Amptelike atletiekdrag |

Oosie-golf

Oosie-golf ondersteuners vertrek per bus vanaf die skool.

| | | |
|---|---|---|
| Vertrektyd | : | 07:00 (by skool wees) |
| Tyd terug | : | 19:00 (ongeveer terug by skool) |
| Kleredrag | : | Amptelike skooldrag en amptelike Oosie-hoed |
| Wat om saam te neem | : | Kospakkie, genoeg water, sonbrandroom |

Belangrik:
Die skool se gedragskode/skoolreëls is van toepassing.

Toegang
- R70 per persoon
- Leerders in skooldrag GRATIS
- Laerskoolleerders GRATIS
- Personeel in personeeldrag GRATIS

Program
Hekke open : 06:00
Eerste item : 09:00
Dirigente optrede : 10:00

**Hokkie**

Kontak
Die organiseerders kan per e-pos by hokkie@oos-moot.co.za gekontak word.

Kommunikasie
Ons nooi graag die leerders (en hul ouers) wat hokkie wil speel om by ons Whatsapp groepe in te skakel. Belangrike inligting rakende die oefeninge, proewe en die toere word daarop uitgestuur.
- Meisies
- Seuns
- Ouers - seuns
- Ouers - meisies
- Doelwagters

Oefentye
Oefeninge het reeds begin. Oefentye vir die spanne sal op die WhatsAppgroepe gedeel word.

Addisionele oefendatums:
22 Februarie 08:00 tot 10:00

Oefenwedstryde
Die oefenwedstryde is deel van onderskeie deelnemende skole se proewe. Die finale programme sal nader aan die tyd deurgegee word.

| **Datum** | **Span** | **Mededingers** |
|---|---|---|
| 24 Februarie | 2de (dogters) | H/S Wonderboom |
| 25 Februarie | A-spanne (dogters) | H/S Wonderboom |
| 26 Februarie (verandering) | Dogters + o.16 seunsspan | EG Jansen |

Borge
- Borgbriewe vir alle spelers is beskikbaar by me L Steyn (k102).
- Alle borgbriewe moet voor of op 31 Maart by me L Steyn ingehandig wees.

**Toerdatums**
Al die spanne is ingeskryf om van 31 Maart – 3 April na Bethlehem te toer. Die toerbriewe is op die ouergroepe versprei en is op die webblad beskikbaar.

| **Spanne** | **Datums** | **Plek** | **Beraamde koste en betalingsverwysing** | **Datum betaalbaar** |
|---|---|---|---|---|
| Eerste dogters oefengroep | 28 Februarie | St Mary's DSG | R 100 per speler<br>PR351 speler voorletter+van+span | 14 Februarie |
| o.14 dogters oefengroep | 28 Februarie en 1 Maart | Krugersdorp | R 500 per speler (Ry elke dag deur.)<br>PR352 speler voorletter+van+span | 14 Februarie |
| Eerste dogters oefengroep | 7 en Maart | Krugersdorp | R 500 per speler (Ry elke dag deur.)<br>PR351 speler voorletter+van+span | 14 Februarie |
| Alle spanne en spelers | 31 Maart tot 3 April | Bethlehem | R 4000 per speler<br>PR350 speler voorletter+van+span | 10 Maart<br>R200 deposito teen 14 Februarie |

Oosie Junior Akademie
Die Oosie-Juniors begin later die kwartaal. Hou ons nuusbrief en ander media dop.



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

### Krieket

Bepalings en uitslae

Die eerste kwartaalbepalings vir die onderskeie krieketspanne asook die uitslae is op die webwerf beskikbaar.

### Netbal

Voorseisoenoefensessies

Die spelers wat by nie by die eerste kwartaal seisoensportaktiwiteite bv. swem, atletiek, krieket, ensovoorts betrokke is nie, kan inskakel by die voorseisoenoefening.

### Rolbal

Villieria Rolbalklub hou 'n OPEDAG vir alle belangstellende leerders wat rolbal wil speel.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 21 Februarie |
| Tyd | : | 14:00 to 17:00 |
| Plek | : | Villieria Rolbalklub |

Navrae kan gerig word aan me S van Blerk (rolbal@oos-moot.co.za)

### Rugby

Voorseisoenoefensessies

Die spelers wat nie by nie die eerste kwartaal seisoensportaktiwiteite bv. swem, atletiek, krieket, ensovoorts betrokke is nie, kan inskakel by die voorseisoenoefening.

## KULTUUR

### Kontakbesonderhede

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za.

### Eco-Oosies

Wollies

Die Eco-Oosies besoek hierdie kwartaal vir Wollies.  Ons wil graag 'n paar produkte aan hulle skenk en vra die Oosies om ook hul harte vir ons dierevriende oop te maak.

Indien jy enige van die gelyste produkte vir die besoek kan skenk, bring dit asseblief na me M Martins se klas (K38).




### Mnr en Mej Oos-Moot

Gala-aand

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 26 Maart |
| Tyd | : | 19:00 |
| Plek | : | Skoolsaal |
| Kaartjies | : | Verkope open op 12 Maart by die Kultuurkantoor. |



Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za

Koste : R130 (gewone kaartjies met ongeallokeerde sitplekke)
R160 (goue sirkel kaartjies)

**Redenaars en Public Speaking**

Uitdunne

- Redenaars - belangstellende leerders kan hul name by me L Bezuidenhout (K68) gaan opgee.
- Public Speaking – belangstellende leerders kan hul name by me L van der Meulen (K19) gaan opgee.
- Leerders wat die akademiese uur bywoon kan vanaf 15:00 by die uitdunne aansluit.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Juniors en Seniors (Redenaars - uitdunne) | 19 Februarie | | |
| Aankondiging van deelnemers vir gala-aande | 25 Februarie | | |
| Public Speaking gala-aand | 3 Maart | 16:00 tot 20:00 | Personeelkamer |
| Redenaars gala-aand – Juniors | 5 Maart | 16:00 tot 20:00 | Personeelkamer |
| Redenaars gala-aand – Seniors | 6 Maart | 16:00 tot 20:00 | Personeelkamer |

Vir die interne gala-aande mag enige onderwerpe vir die toesprake gebruik word. Indien die leerders aan verdere kompetisies wil deelneem, moet van die ATKV temas gebruik maak.

**Spelbye**

Die Oosie-spelbye vir 2025 is aangewys en reg om hul vernuf in spelling te toets en te bewys. Die onderskeie grade se spelbye is:

| Graad 8 | Graad 9 | Graad 10 | Graad 11 |
|---|---|---|---|
| Anzel Ehlers | Annika Liddlge | Eliza Adams | |
| Karin Visagie | Mikayla Wilkins | Jessica Westfall | Xanté Volgraaff |
| | Jewan Gouws | | |
| | Andrea Poots | | |
| | Beané Bouwer | | |
| | Stephany Baardman | | |

**Trots-Oosie**

Die Trotse Oosie-veldtog het ten doel om die leerders aan te spoor om bepaalde wardes en kwaliteite na te jaag wat die res van hul lewens sal rig, naamlik DIE OOSIE AGT.

Sluit aan

Enige Oosie wat hul tot hierdie kriteria verbind kan aansoek doen vir lidmaatskap teen R30 in K68.

Doel

Die veldtog wil 'n groter persoonlike en gemeenskaplike trots by ons leerders aanwakker en 'n positiewe leerklimaat by ons skool bevorder. Bowenal wil ons daardie leerders wat hierdie waardes reeds hul eie gemaak het en dit met selfvertoue uitleef die erkenning en beloning gee wat hul toekom.

Daar word elke kwartaal en daarna elke jaar 'n Trotse Oosie-lid per graad aangewys. Hierdie leerders word nie spesifiek gekies op grond van uitsonderlike sport-, akademie- of kultuurprestasies nie, maar juis omdat hulle die Oosie-agt kriteria uitleef en sò uitstaan bo die res. Dit is 'n leerder wat vir elke onderwyser 'n vreugde is, iemand waarop ons skool trots is. Slegs Trotse Oosie-lede kwalifiseer hiervoor en word kwartaalliks aangewys.

## OOSIE-AKTIWITEITSFOTOGRAWE



Die skool het 'n groot verskeidenheid sport-, kultuur- en sosiale aktiwiteite. Dit is nie vir die skool se fotograaf (onderwyseres) moontlik om al hierdie aktiwiteite alleen te dek nie.

Ons het daarom die Oosie-Aktiwiteitsfotograwe begin om ons leerders en ouers wat belangstel in fotografie en/of 'n liefde het vir fotografie ('n eie kamera besit en reeds foto's neem by hul eie kinders se aktiwiteite) te vra, om deel van die aktiwiteitsfotograwe te word.
So word ons van foto's van 'n groter verskeidenheid van ons aktiwiteite voorsien vir ons skoolmedia (koerantartikels, webtuiste, sosiale media, ens.). Mnr J Redelinghuys (onderwyser) koördineer die aktiwiteitsfotograwe en ons nooi belangstellende ouers en leerders om hom te kontak (j.redelinghuys@oos-moot.co.za).

## FONDINSAMELINGS

**Pie Partners**

Hoërskool Oos-Moot in samewerking met *Pie Partners* bied u die geleentheid om handgemaakte, bevrore pasteie teen bekostigbare pryse aan te koop. In vandag se besige lewe is 'n bekostigbare, vinnige opsie vir 'n maaltyd die uitkoms vir menige gesinne.

Bestellings
- Eenmalig per maand.
- Bestellings kan vanaf 5 Februarie tot 4 Maart geplaas word.
- Slegs pasteie met een soort vulsel per boks (dosyn) kan gekoop word. (Vulsels kan nie gemeng word nie).
- Bestelvorms, strokies, bewys van betaling of kontant moet by leerders se voogonderwysers ingehandig word vir kontrole.
- Geen bestellings sal sonder 'n bewys van betaling ingedien word vir aflewering nie.
- Voltooi asseblief die onderstaande bestelvorm en stuur dit voor of op Dinsdag, 4 Maart (saam met bewys van betaling/kontant) terug skool toe.

Aflewering
- Aflewering geskied aan die begin van die daaropvolgende maand.
- Pasteie sal vanaf 10 tot 14 Maart (14:00-16:00) by die skool afgehaal kan word.
- **Grade sal nader aan die tyd hul tydsgleuwe (dae) vir die afhaal van die bestellings ontvang**.
- Ons wil asseblief vra dat ouers by die tydsgleuwe sal hou, omdat geen pasteie wat die fabriek verlaat weer teruggeneem kan word vir berging nie
- Die skool beskik ook nie oor die spasie en toerusting om die pasteie, wat nie afgehaal word, te berg nie. U begrip en ondersteuning in hierdie verband word hoog op prys gestel.

Koste
Pasteie word teen R200 per boks (dosyn) verkoop, met 7 vulsels om van te kies (sien die bestelvorm)

Betaling
- Betaling kan deur kaartbetalings, kontant (skool se finansieskantoor) of EFT geskied.
- Gebruik leerder se **voorletter, van, klas en PIES** as **verwysing** – bv. **JNel9FPIES**.
- Ons wil u bedank vir u ondersteuning met hierdie projek.

Bestelvorm
Die bestelvorm is reeds aan die leerders uitgegee. Indien u navrae het of 'n bestelvorm benodig kontak me L Bouwer (kultuur@oos-moot.co.za).

### IGNITE/TOMORROW

*Voucher* boekies is Donderdag en vandag aan al die graad 8 leerders uitgedeel.

Die graad 8 leerders gaan net soos die graad 8 tot 11-leerders van 2024 die geleentheid kry om deur die verkoop van hierdie *voucher* boekies (R200 elk) te help om fondse in te samel vir **lugverkoeling vir die skoolsaal**.

Die afslagwaarde van hierdie *voucher* boekies is meer as R5 000 en sluit *vouchers* in van onder andere Gys Pitzer Motors, Wimpy Waverley, Brewers Family Restaurant, Toni's Pizza en nog vele meer.

## BUITEPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool. Om erkenning op 'n meer gestruktureerde manier te gee, het ons 'n paar riglyne opgestel oor watter buiteprestasies ons op ons platforms sal deel.

### Sosiale media plasings van buiteprestasies vir erkende skoolaktiwiteite

Ons sal voortaan erkenning gee aan buiteprestasies wat verband hou met:
✅ Die skool se erkende sportsoorte
✅ Kultuuraktiwiteite wat ons aanbied
✅ Akademiese prestasies (vakverbonde bv. visuele kuns, kookkompetisies, skryfkompetisies, ens.)

### Erkenning van alle buiteprestasies

**Alle leerders** wat uitblink in buiteprestasies in sport, kultuur of akademie (*hoef nie verband te hou met die skool se erkende aktiwiteite nie*) ontvang erkenning tydens:
- Skoolopeninge
- Jaarlikse prysuitdelingsfunksies (Fakkeltoekennings)

### Wat word benodig vir plasings en erkenning?

- Volledige besonderhede oor die prestasie.
- 'n Hoë kwaliteit foto waarop die leerder duidelik sigbaar is

⚠ Geen foto = geen plasing

**Waarheen stuur ek die volledige inligting en foto vir plasing en erkenning?**
Sien die drie gekleurde Oosie-skakels hieronder.

*Belangrik:*

- Stap 1 : Kliek op die spesifieke skakel (Akademie/Sport/Kultuur) en voltooi die vorm volledig.
- Stap 2 : Die foto en bewys/dokumente (ter stawing van die prestasie) word per e-pos **SLEGS na die e-posadres van toepassing** gestuur.
  - Kultuur : kultuur@oos-moot.co.za
  - Sport : sport@oos-moot.co.za
  - Akademie : vanstadenh@oos-moot.co.za
- Gee asseblief ongeveer twee weke geleentheid vir plasings.
- Kontak asseblief vir me C Meyer (0836500759) indien 'n plasing nie gedoen is nie.

Skakels
Kliek op die spesifieke blokkie vir die Google vorm.

Oosies 2025 BUITEPRESTASIE: AKADEMIE | Oosies 2025 BUITEPRESTASIE: KULTUUR | Oosies 2025 BUITEPRESTASIE: SPORT

## BEMARKING

Bemarkingsgroepe
Die bemarkingskantoor nooi ons graad 8 tot 12 ouers, wat belangstel om by die onderskeie bemarkingsgroepe betrokke te raak, om die onderstaande skakels te volg om aan te sluit. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

| **Graad 8** | **Graad 9** | **Graad 10** | **Graad 11** | **Graad 12** |
|---|---|---|---|---|

## GELUKWENSE

Baie geluk aan al ons atlete, spelers, deelnemers wat uitstaande prestasies lewer. Jul opoffering, harde werk en deursettingsvermoë word in jul prestasies gereflekteer. Ons Oosies is ongelooflik trots op almal, van die deelnemers tot die presteerders. (*Prestasies word geplaas soos ontvang*.)

**SWEMINTERHOËR**: Geluk aan elke Oosie-swemmer wat aan die interhoër deelgeneem het. Ons is trots op almal se prestasies. Baie geluk aan die volgende swemmers wat podiumplekke tydens die B-Bond sweminterhoër op 12 Februarie behaal het. Oosies is trots!

| **Swemmer** | **Item** | **Ouderdomsgroep** | **Posisie** |
|---|---|---|---|
| Armand Smit | 100m Vryslag | o.16 | 3de |
| Gert Gelderblom | 100m Vryslag | o.19 | 2de |
| Carmen Stapelberg | 100m Rugslag<br>50m Rugslag | o.15 | 3de<br>3de |
| Wian Minnaar | 50m Borsslag<br>50m Vlinderslag | o.14 | 3de<br>3de |
| Megan Kemp | 50m Vlinderslag | o.19 | 2de |
| Dean Hugo<br>Drikus Pretorius<br>Armand Smit<br>Jacques Gillfillan | 200m Wisselslag aflos | o.16 | 3de |

## KOMPETISIE

**PicknPay Waverley** het hierdie jaar weer hul jarelange aankoopstrokie kompetisie vir skole in die MOOT geloods. Ondersteun ons skool asseblief en plaas u PnP Waverley aankoopstrokie in die houer gemerk OOS-MOOT.

## DANKIE AAN ONS BORGE VIR HUL ONDERSTEUNING

Ons sien daarna uit om nuwe borge te verwelkom en ons verhoudinge met beide ons jarelange en nuwe borge te versterk en daarop voort te bou.

## ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Nuusbriewe word weekliks uitgestuur na alle ouers, leerders, personeel en vir die hele jaar op die skool se webwerf beskikbaar gestel. Belangstellendes kan me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za) kontak.

OosieNUUS
ONS OOSIE WÊRELD
Ons omgee skool waar ons met passie potensiaal ontsluit

### ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2025

*Die nuusbrief word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brief word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.*

**Kostes vir 'n A6 advertensie**

| | |
|---|---|
| 1 plasing per maand | R350 |
| 2 plasings per maand | R500 |
| 3 plasings per maand | R700 |
| 4 plasings per maand | R900 |
| Plasing vir die hele jaar | Maandelikse bedrag x 11 (% afslag) |

**A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.*

**Formaat**

- *Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.*
- *Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).*
- *Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.*
- *'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.*
- *Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.*


**Stel jy belang?**

*Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za*


Waverley
Wiskunde & Wetenskap
Sentrum
Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.
Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
Rekeningkunde graad 8 tot 12.
Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding
Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing
Marina Stander - 083 259 8913


BLUE CRANE STORAGE
Unit Sizes
18m² 6 x 3 R1200 pm COMING SOON
14m² 4 x 3,5 or 4,5 x 3 R1000 pm
9m² 3 x 3 R650 pm COMING SOON
8,5m² 4 x 2,2 R600 pm COMING SOON
Location
11 Eland Street, Koedoespoort Industrial, 0186
Call or Whatsapp
081 262 7229


Heavenly Grace
Vir alle verstelwerk, asook matriekafskeid- en trourokke – te huur of spesiaal vir jou gemaak!
Kontak Anneke Nel
081 354 2717


Wen jou Wetenskap en Wiskunde
Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:
Vraestelle met Memo's @ R130
Nifty Notas @ R150
Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240
Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:
Nifty Notas @ R150
Flashy Flitskaarte @ R70
Vraestelle met memo's @ R130
Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300
Afleweringskoste @ R120
Win your Science and Maths
Grade 10 to Grade 12 Maths:
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130
Grade 11 to Grade 12 Science pack:
* Snazzy Summaries @ R120
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130
All the Science goodies @ R300
Courier Costs @ R120
https://wenwetenskap.co.za
Helena - 0845103373
hverwey@absamail.co.za















Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za






Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria, 0186
012-332 0601 oosmoot@oos-moot.co.za